Pretoria- 25 Maart 2012

Skriflesing: Handelinge 26: 1-28
Heidelbergse Kategismus**:** - **Sondag 12**
Teks: Handelinge 26:28
Sing- Ps. 33:11; Ps. 139:1; Ps. 133:1,2

Die naam Christus en die naam Christen is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Broeder en suster, as Agrippa die volgelinge van Christus, die Christene noem, besef u watter seënryke Naam het sy op haar lippe. *Jy weeg my byna om 'n Christen te word…*is wat sy vir Paulus sê. Besef sy wat sy sê? Sy staan hier voor die keuse van haar lewe. 'n Kwessie van JA, of NEE. JA, sê ons belydenis vir die Christus van die Christene, NEE sê Agrippa vir die Christus van die Christene. Paulus het net vir Christus en Christus as die Gekruisigde en Hom alleen verkondig.

Paulus was vanweë sy christenskap weereens in die tronk. ''n Tronk in Ceserea, een van die groot hawestede van Palestina aan die Middellandse see. En uit die tronk is hy voor hierdie vernames van destyds met die Christus-evangelie. Eers sou die stadhouer Felix, Paulus se saak aanhoor en daarna sy opvolger Festus. En toe gebeur dit so dat koning Agrippa saam met sy vrou Bernice op besoek aan Festus was.

***

En Paulus kry die kans van sy lewe om Jesus Christus aan hulle te verkondig. Eers begin Paulus deur te praat van sy eie Damaskus-gebeure. Hoe die Here hom tot apostel geroep het. En dan kom Paulus by die Ou Testament en hy gee die bewys dat Jesus, die Christus is. Moses en die profete het al van hierdie Christus, skaduwees en vertellings gevorm en al wat Paulus doen, is om by hulle aan te sluit – Hy sê – *ek spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie: dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en ''n lig aan die volk en die heidene sou verkondig* (vv 22-23).

En dan beskuldig Festus vir Paulus van kranksinnigheid. Jy is mal, man. Jou geleerdheid bring jou tot kranksinnigheid. Watter bittere reaksie moes hierdie nie vir Paulus wees nie. Hy laat hom egter nie sommerso in die rede val en dan nogal as 'n mal mens voorstel nie. Nie malheid nie, maar waarheid en gesonde verstand is aan die praat. Hy wend hom nou direk tot die koning. Koning Agrippa was bewoner van Palestina en het die Jode se godsdiens deur en deur geken. Daarom sê Paulus vir hom – *U weet van hierdie dinge… Niks hiervan is vir u onbekend nie…* En dan sê Paulus mos ook- *hierdie dinge het mos nie êrens in 'n hoekie gebeur nie…..*en dan die konfrontasie, die punt waar dit op aankom – *Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo.*

Koning Agrippa word gekonfronteer met die profete, eintlik met Christus, want as Paulus van die profete praat, dan bedoel hy die profete wat almal na Christus heenwys. En Agrippa verstaan baie goed, dat by Christus behoort die Christene. En hy weier om hierdie beslissende stap in sy lewe te neem. Hy weier om soos wat ons belydenis dit vanoggend doen, om Christus by die Christene te voeg, Agrippa weier om van Christus na Christen oor te beweeg. Ons belydenis is egter nie dit wat Agrippa sê nie – Ons belydenis is nie in 'n hoekie nie, van Christus na Christen. Twee name onlosmaaklik aan mekaar verbind.

***

Verlede keer in Sondag 11, het ons die Naam Jesus gebind aan dieselfde name, Josua, Hosea, doodgewone name, maar ons het Jesus bely wat nie doodgewoon is nie. Nou kom ons by 'n volgende Naam. Ons belydenis vra – Waarom word **Hy Christus, wat Gesalfde beteken genoem?** Christus is 'n Griekse Naam. In die Hebreeus is die Afrikaanse woord – "gesalfde", die woord Messias. Waarom word Hy, Jesus Christus, die Messias, die gesalfde genoem, kan ons ook vra?

***

En gemeente, hiervoor het ons weer die Ou Testament nodig. Dink aan die Ou-Testamentiese salwing waar olie op die hoof van die gesalfde gegiet is, soos wat dit trouens met omtrent al God se dienaars, profete, priesters en konings gebeur het, as hulle in die amp van die Here gesalf is.

In Levitikus 8 kry Moses die opdrag om vir Aäron tot hoëpriester te salf. Ja, uit die gesalg van Levi (waar ons reeds vanoggend by was). Watter indrukwekkende gebeure was dit nie? Die Here het vir Moses uitgespel presies wat hy moes doen. Aäron moes sy nuwe hoëpriesterlike kleed aantrek, wat bestaan het uit 'n spierwit onderkleed en daarna die purperblou – bokleed met die klossies en klokkies op die ondersoom en die bors tassie wat Aäron moes dra met die twaalf edelstene, elk verteenwoordigend van die twaalf stamme van Israel, met die name daarin gegraveer. Ook het Moses vir Aäron die hoëpriesterlike band om die hoof gedraai. Toe Aäron volgens God se voorskrifte gekleed daar staan, het Moses die salfolie op Aäron uitgegiet en hom tot hoëpriester van Israel gesalf. Hierin was Aäron 'n tipe van Messias, 'n tipe van Christus, 'n gesalfde van God.

***

Omtrent die salfolie moet ons ook meer weet. Die olie gemaak uit geur ryke plantaardige materiaal het baie lekker geruik en die geur hiervan het vinnig versprei. Sou iemand hiermee

gesalf word, dan was hy gou in ’n wolk van lieflike geur omhul. Daarom kon Christus dan ook in Efesiërs 5 die geur van God genoem word. Efesiërs 5:2 –*Christus het Hom vir ons oorgegee as ’n gawe en offer aan God tot ’n lieflike geur…* Watter liefliker geur kan daar wees, as die geur van God self? En Christus, die Gesalfde, Hy wat God is, Hy gee weer geur aan die lewe. Die salfolie se geur verkondig God in sy heilige teenwoordigheid. En die Woord van God, is ons salfolie, want die Woord aangaande Christus, sy volmaakte, sy heilige, sy blye evangelie bevat die geur van die lewe tot die lewe.

***

U wat Christen is, alle Christene moet weet, u is gesalfdes. Die geur van Christus moet soos salfolie ons aankleef . Die geur wat ons moet dra, moet wees, die lewe van Christus, want sonder Christus het u ook ’n geur. Die geur van Agrippa, die geur van die dood tot die dood. U Christene, gesalfdes van God moet weet, ek is deur God uitverkies en God sal my bekwaam maak.

Wanneer ons so praat, broeder en suster, dan praat ons mos van die werk van die Heilige Gees. En presies, die salfolie wat sy geur soos die Woord van Christus versprei, is terselfdertyd simbool van die Heilige Gees. Die Woord en die Heilige Gees is altyd onlosmaaklik aan mekaar verbind, soos die salfolie en die gesalfde met mekaar verbind moet word. Sou die olie nie aan die gesalfde bind nie, dan is daar geen salwing nie. So moet u ook as Christen, die binding van God se Woord en God se Gees sien, as die een binding, waarmee God my sy kind maak.

***

God salf my met sy Woord en Gees. Deur die Woord word die Heilige Gees oor ons vaardig. Hieragter skuil al weer vir ons ’n groot deel van God se wysheid. Let op hoe die Here sy werk deur die Heilige Gees nog verder met die werk van olie verduidelik.

Buiten die lieflike geur, gee die olie ook lig en die olie is ook draer van lewe. Ons kan olie geheel en al in lig omsit. Gee vir olielamp ’n pit, die pit hang in die olie en wanneer die pit begin brand dan het ons lig. As die profete gesalf is, dan het die Here met die olie vir hulle gesê, hulle is ligdraers, hulle moet lampe wees. Soos wat Paulus hier in Hand 26 net ’n lamp wil wees. Hy het die lig van God se verlossingsplan, in mense wie se verstand en binneste benewel en donker was, ingedra. Maar nog steeds wou hulle nie luister nie, hulle wou nie lampe word nie.

Die olie op die gesalfde se kop het ook altyd gesê, jou eie hart, jou eie verstand, binnekant jou is dit donker. Jyself is nie in staat om lig te dra nie, maar die olie versinnebeeld nou die Heilige Gees wat ons sal toerus om as 'n lig te skyn en die lig uit te dra. Dit wat nou nog van elke Christen verwag word. Buiten u geur moet u lig gee, die lewe van Christus moet u uitstraal en hierdie olie moet op die sere van die lewe gesmeer kan word, om die sere van ons tyd gesond te maak.

***

Om Christen te wees, het dus altyd met Christus te make, maar meer nog, om Christen te wees, is om te weet, ek is ook 'n gesalfde van God, wat Agrippa nie wou wees nie. As u deur Christus 'n Christen geword het, dan moet u deur die salwing van Christus, uself sien as 'n gesalfde van God. Ons ontvang van die Here in die Heilige Gees hierdie ere posisie, 'n adelstand.

***

Christus is van die oomblik wat die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif Hom gesalf het, is Hy God die Vader se gesalfde-Profeet. Ons belydenis praat van ons hoogste Profeet en Leraar, wat vir ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekendmaak. Christus is ook God se gesalfde-Hoëpriester. Ons belydenis sê – ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos. Sy Hoëpriesterskap strek nog verder- Hy is ons enigste Hoëpriester, omdat Hy deur sy voorbidding gedurig deur by die Vader vir ons intree. Christus is ook God se gesalfde Koning. Die belydenis sê – ons ewige Koning, want Hy regeer ons met sy Woord en Gees en Hy beskerm en bewaar ons by die verlossing wat verwerf is.

***

As u dit alles van Christus kan hoor, soos Agrippa dit ook alles van Christus, die Gesalfde kon hoor, dan moet u weet wat van u verwag word. Wat dit is om 'n Christen, 'n gesalfde van God te wees? Hoe wonderbaarlik groot is die posisie waarin God u dan plaas. In vraag 32 hoor ons ons as Christene moet daar by ons dieselfde as by Christus wees. Profeet, priester en koning. Die Heilige Gees kom ook op u, Christen, u word gesalf en deur die geloof word u 'n lid van Christus en daardeur kry u deel aan sy salwing tot PROFEET, sodat ek sy Naam kan bely, tot PRIESTER, sodat ek myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en ook word u 'n KONING en dit op twee maniere. As koning moet ek in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en as koning moet ek ook hierna, ná hierdie lewe, met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer.

Ons belydenis wil weer die Christene by die Naam Christus bring, maar u wat Christen is, moet ook by Christus wees. Van Christus beweeg ons na Christen en van Christen na Christus. Dit moet soos 'n klok in u gedagtes elke dag, elke oomblik bly lui. Soos die heen- en weer gewig van die staan horlosie die horlosie laat bly loop, so moet die heen en weer beweeg van Christus na Christen, u bly maak en vir God moet u Christen bly. En die gedagte dat u as Christen, 'n gesalfde van God is, dit moet u nie-net onthou en bybly, wanneer dit u pas nie, dit moet in u lewe daadwerklik toegepas en uitgedra word. Dit moet altyddeur geruik kan word. Sondag 12 moet nie maar net vir vandag of net vir tydjies van my lewe soos salf op die liggaam wees nie. Dit moet ons liggame, ons lewens deurdrenk.

U moet almal God se profete, God se priesters, God se konings wees. U het 'n uitverkore plek voor God, 'n ere posisie, 'n adelstand. Laat ons dit nie wil goedkoper maak as die duur prys, die lewe van Jesus Christus, wat God vir ons ereplek betaal het nie. Die lewe van Jesus Christus moet my lewe wees, die geur van Jesus Christus, my geur, die lig van Jesus Christus, my lig. En hierdie Lewe, Lig en Geur gaan deur elke sektor van die lewe. Deur die skoolbanke in die raadsale, in die kantore, oral. Agter elke gesalfde moet die mense kan hoor en sien en weet, hierdie mens is inderdaad 'n gesalfde, hy/sy is 'n Christen, sy lewe wys dit. 'n Christen se gees en rigting moet altyd Christus, Hom as die gekruisigde en Hom alleen wees.

AMEN